Droomdraers

Derdepoort Rustenburg-Suid
Wespoort Wierdapark Wonderboom Wonderpark
Wesmoot Waverley-Oos Waverley Waterkloofrif Thabazimbi
Waterkloof Waterberg Warmbad-Wes Warmbad Soutpansberg
Valhalla Rustenburg Springbokvlakte Stellastraat Piet Potgietersrust
Pretoria Riviera-Jakaranda Noordoos-Pretoria Northam Vaalwater Louis Trichardt
Universiteitsoord Rietfontein-Noord Onderstepoort Petronella Naboomspruit Vorentoe
Rietfontein-Suid Nylstroom-Oos Pietersburg Overkruin The Reeds
Pierneef Pietersburg-Noord Rooihuiskraal Queenswood Pretoria-Oos Proteapark
Sesmylspruit Monumentpark-Wes Pretoria-Tuine Monumentpark SA Gemeente Mootvallei
Pretoria-Dowes Marondera-Rusape Moregloed Florandia Lynnwood Raslouw Wonderboom-Suid
Magalieskruin Eldoraigne Ellisras-Wes Florauna Groenkloof Masvingo
Marken Dwaalboom Villieria Tuinrand Wonderboompoort
Magaliesberg Gesinskerk Haakdoorn Messina
Doornpoort Dendron Hartbeespoort
Roedtan Chegutu Harare Montana
Bergsig Dalunie Hulp-en-Hoop
Chinhoyi/Karoi Kadoma Levubu
Chipinge Daspoort Kameeldrif
Capital Park-Concordia Kerk-in-Suid
Bulawayo Brits Koedoeskop Lusaka
Blouberg Boysens Koedoesrand Limpopo
Jan Niemandpark Kremetart
Andrew Murray Krokodilrivier
Alberton Mutare



Sakelys: Afdeling A
18-22 Oktober 2026

NOORDELIKE SINODE 2026

INLEIDENDE OPMERKINGS

Beste Afgevaardigde,

Die Noordelike Sinode het vanjaar weer die geleentheid om as familie by Weesgerus bymekaar te wees. Wanneer die Sinode van 18 tot 22 Oktober 2026 in sitting is, sal dit reeds die drie-en-twintigste keer wees wat hierdie familiefees plaasvind.

Die dokumentasie met die oog op die sitting betaan uit twee afdelings:

- ***Afdeling A***

  Afdeling A is dit wat jy nou ontvang het. Dit bevat o.a. die taakspanverslae wat tydens die reses, sedert die vorige sitting in 2022, deur die Sinodale Diensraad (SDR) goedgekeur is. Hierdie verslae dien ooreenkomstig bepaling 18.1.6.2 van die kerkorde slegs vir kennisname en verantwoording van die SDR se werksaamhede gedurende die tydperk 2023-2026. Dit vorm dus nie deel van die besluitneming van die sinodesitting nie.

  Gemeentes het die verslae van die taakspanne deurlopend, na afloop van SDR-vergaderings, via hulle ringsverteenwoordigers op die SDR, ontvang. Hierdie werkswyse word gevolg, sodat die resultate van die taakspanne se werksaamhede onmiddelik geïmplimenteer kan word. Die verslae is dus afgehandel.

  Hierdie deel van die sakelys is elektronies aan afgevaardigdes gestuur. Dit sal dus goed wees as kerkkantore dit, soos nodig, vir hulle afgevaardigdes sal uitdruk. Alhoewel die inhoud van Afdeling A hoofsaaklik as agtergrondinligting dien, is dit belangrik dat afgevaardigdes hulle wel deeglik van die inhoud daarvan sal vergewis. Sodoende kry afgevaardigdes ’n voller prentjie van die Noordelike Sinode se werksaamhede en strategiese prosesse.

- ***Afdeling B***

  Afdeling B van die sakelys sal 'n week voor die sitting elektronies aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word. Elke afgevaardigde sal ook by die aanvang van die sitting 'n harde kopie daarvan ontvang.

  Hierdie dokument gaan ons help om ons visionering aan die hand van die tema, DROOMDRAERS, behoorlik te struktureer. Afdeling B van die sakelys staan daarom ook bekend as ons werksagenda.

  Die tema word in drie bewegings bedink: ONTHOU, VERBEEL en LEEF. Dit begin met 'n openingseremonie wat ten doel het om ons te oriënteer en voor te berei vir dit wat volg. Dit eindig met 'n afsluitingseremonie waar ons die gebeure van die week toeknoop om by die huis verder daaraan te gaan herkou, die saadjies wat gesaai is goed te gaan bemes, water te gee en met verwagting uit te sien na die oes.

Doen asb. gereeld voorbidding vir hierdie familiefees. Die verwagting is dat ons regtig in die paar dae van 18 tot 22 Oktober met erns sal nadink oor die tema, verhoudings sal bou, ons kerkwees sal vier, en in Geloof en Hoop sal groei. Mag ons nadenke ons so stimuleer, dat ons sal teruggaan huis toe met genoeg waagmoed, om haalbare aksieplanne in ons gemeentes te implimenteer.

.



Paul Grobler
Direkteur

